

# Fragmentologie, die nuwe manuskripstudie – met verwysing na manuskripfragmente in Suid-Afrika

Carol Steyn

---

Carol Steyn, navorsingsgenoot, Departement Kunstgeskiedenis, Visuele Kuns en Musiekwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika

---

## *Opsomming*

Die studie van fragmente uit Middeleeuse en Renaissance-manuskripte en die opbou van versamelings van fragmente is 'n onlangse ontwikkeling van manuskripstudie. Die naam *fragmentologie* is daarvoor voorgestel. Die ontstaan van die fragmente het egter 'n lang geskiedenis. In hierdie artikel word die aard en geskiedenis van manuskripfragmente bespreek onder die opskrifte “Wat is manuskripfragmente?”, “Fragmente as bindmateriaal”, “Fragmente as volledige enkelblaaie”,<sup>1</sup> “Die handel in uitgesnyde miniature” en “Ander doeleindes waarvoor fragmente gebruik is”.

Daarna word fragmente uit Middeleeuse en Renaissance-manuskripte wat in Suid-Afrika gevind is, bespreek. Hierdie fragmente is gevind in manuskripte in die Grey-versameling in die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Kaapstad, in die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Pretoria, en ook in privaatbesit. Betekenisvolle inligting is verkry uit die fragmente wat bestudeer is, waarvan een 'n palimpsest is, en daar is gevind dat 'n fragment wat gebruik is om die band van 'n boek te versterk, in sommige gevalle van meer betekenis kan wees as die boek self. Fragmente in die Grey-versameling het byvoorbeeld lig gewerp op die beoefening van die Roomse Mis in die 12de eeu, en op vroeë notasie in St Gall. Fragmente wat as volledige enkelblaaie bestaan, is ook ondersoek. Ek het 4 000 fragmente op die internet bestudeer en ook baie in Finland, maar het geen gelykes met die Suid-Afrikaanse fragmente gevind nie, hoewel daar na-gelykes was wat inligting verskaf het oor die wyse waarop die fragmente gemigreer het. Die teksinhoud van die fragmente is bestudeer en die fragmente is, waar moontlik, in historiese en dikwels liturgiese konteks geplaas.

Daar is gevind dat hoewel sommige manuskripfragmente in Suid-Afrika reeds bestudeer is, daar ruimte is vir verdere navorsing. Daar moet navorsing gedoen word oor manuskripfragmente in privaatbesit asook manuskripfragmente wat gebruik is om gedrukte boeke te bind. Internetbronne van manuskripversamelings word daagliks aangevul en moet bestudeer word om die oorsprong van fragmente te bepaal.

**Trefwoorde:** bindmateriaal; enkelblaaie; fragment; fragmentologie; Grey-versameling; Middeleeue; perkament; Renaissance

## **Abstract**

### **Fragmentology, the new manuscript study – with reference to manuscript fragments in South Africa**

The study of fragments of medieval and Renaissance manuscripts and the compilation of collections of fragments is a recent development in manuscript studies. The name *fragmentology* has been suggested for this. The origin of the fragments has a long history, however. In this article the nature and history of manuscript fragments is discussed under the headings “What are manuscript fragments?”, “Fragments as binding material”, “Fragments as complete single pages”, “The trade in excised miniatures” and “Other uses of fragments”. Fragments from medieval and Renaissance manuscripts found in South Africa are then discussed. Meaningful information was discovered in the fragments studied, one of which is a palimpsest. It was found that a fragment that was used to strengthen the binding of a book could in some instances be more interesting than the book itself.

The aim of this article is to investigate the nature and history of the new study of fragmentology. The origins of the fragments as well as the migration of the fragments are discussed, as are the historical and scientific value of the fragments and the contribution that the fragments can make to different subject areas. A secondary aim was to determine if a study like this had been undertaken in South Africa and if it would be possible to undertake such a study here. The article is, therefore, a research report on these two aims.

The research for this article began in 2014 when I investigated 150 websites for parchment fragments that contained photos to find fragments from the same manuscripts as the South African fragments that were already known to me. I also visited the national library of Finland in Helsinki where one of the largest collections of manuscript fragments in the world is housed. I did not find fragments from the same manuscripts. I did, however, find similar fragments that proved that my dating and placing of the origin of the fragments in Manuscript 3c16 in the Grey collection of the National Library of South Africa (NLSA) in Cape Town was accurate. These similar fragments are a clear indication of how the manuscript fragments migrated. I hoped to find more fragments as binding material in the early printed books in the Grey collection. I checked the bindings of all the books printed between the 15th and the 17th centuries but did not find any fragments. It will require a lengthy research period to make absolutely sure.

I found that many of the fragments I studied contained valuable information about the origin of early liturgical chant. It was illuminating that fragments could be found even in South Africa, a country far removed from the centres where parchment manuscripts were used and made.

Meaningful fragments were found in the manuscripts of the Grey Collection of the National Library of South Africa in Cape Town. The most remarkable were found in MS 3c16, a 15th-century parchment copy of *Historia destructionis Troiae* by Guido delle Colonne (died 1287). The fragment consists of two parchment leaves from a notated 12th-century Latin missal bound into the front of the book. The *Historia* has an attractive 19th-century binding, but the fragment does not form part of this binding. It was probably part of a 15th-century binding that was incorporated into the book. The two pages are almost the same size as MS 3c16, although portions have been cut off, the one from the top of the page, the other from

the bottom. Missals where the prayers, readings and chants appear in the correct sequence, as is the case here, were very rare at the time. The two pages contain five masses, all of which can be found in the *Liber Usualis* for Sundays after Pentecost. It was possible to determine that the fragments had formed part of a 12th-century missal that in the 15th century probably belonged to Dryburgh Abbey, a Premonstratensian monastery on the border between Scotland and England, and before that to a Cistercian nunnery. MS 3c16 is a romantic novel about the Trojan War that was very popular during the Middle Ages. It is one of three copies in the Grey collection.

The “alleluia” chants on the fragments indicate a Cistercian origin. The sequence of alleluia chants in a manuscript, and especially the sequence after Pentecost, is the most reliable indication of the provenance of the manuscript. An additional indication of provenance comes from another fragment that was incorporated in the binding of MS 3c16. This is a fragment from a 15th-century legal document that mentions Hugo Douglas, abbot of the Premonstratensian abbey of Dryburgh in Berwickshire, Scotland. The manuscript was therefore probably in Berwickshire when it was bound or rebound. Hugo Douglas was abbot of Dryburgh Abbey from 1427 to 1445.

Manuscript 4b3 contains in its binding a parchment cutting from a manuscript with 11th-century neumes and a Latin text that probably had the monastery of St Gall in Switzerland as provenance. MS 4b3 is a lectionary in Latin of the four Gospels that belonged to the Benedictine monastery of Amorbach in Bavaria from the 14th to the 16th century. The manuscript is of importance because of the quality of its miniatures and especially the mention of Goetz von Berlichingen, the hero of one of Goethe’s most famous dramas.

MS 48b3 in the Grey Collection is a parchment fragment of 43 very large pages that has a modern binding of the National Library. It is a notated gradual. It is intended for a choir, because the pages are large enough for a number of singers to sing from. The pages are very attractive, there are no blemishes or lacunae, the Latin texts and the notation are neatly written in black ink and the capital letters are attractively decorated in bright colours. In spite of that it gives out much less information about its date and provenance than some of the smaller fragments. The 43 pages contain the proper chants for the saints with feast days from 9 June to 24 June, a small portion of the liturgical year. The folio references in the rubrics indicate that the original volume began with the chants for St George (23 April) and that it formed part of four or five volumes of at least 120 pages each. It has not been possible to find the rest of the book.

Although MS 3c4 is a very attractive and highly decorated manuscript in its original state, an owner chose to make it even more attractive by pasting in 13 cuttings from other manuscripts. MS 3c4 is a Book of Hours written in France in the second half of the 15th century. The Book of Hours has been called “one of the most glamorous and most familiar artifacts of the Middle Ages” (Duffy 2006:3). Books of Hours were very often highly decorated. Although in the first instance a prayer book, it was often just as much an indication of wealth as of piety.

An extensive search through photographs of manuscript fragments on internet websites showed no matches, although there were similarities with the fragments in MS 3c16. Near matches were found in 12th-century fragments from England in the Beinecke library, Yale. Near matches were also found in the national library of Finland, especially fragment F.m.

1.26, which I examined in Helsinki. It has been dated the second half of the 12th century and the provenance given as England or France.

In 2010 a cartographer discovered two choirbook fragments in the National Library in Pretoria. Although each fragment consists of two attached pages and the script and the notation on the two fragments are similar, they do not derive from the same manuscript. The one fragment, with each page 545 mm x 394 mm, contains four sancti, the other fragment, with each page 546 mm x 376 mm, contains two hymns. The first sanctus can be found in Thannabaur's catalogue (1962) as melody 72. According to Thannabaur the melody is rare and he gives only two sources for it, both in Udine, Italy, the one a 15th-century German Kyriale in Udine Biblioteca Capitulare, the other a 15th-century gradual from Aquileia in the Udine biblioteca arcivescoville e Bartoliana (Thannabaur 1962:180). Sanctus 2 is widely distributed, but it also appears in the same gradual from Aquileia. The third sanctus lacks an incipit and could therefore not be found in Thannabaur's catalogue. The second fragment contains two hymns; the one for the first Sunday of Easter and the other for Sunday after Easter Sunday. Both hymns appear in the *Analecta Hymnica Medii Aevi*, vol. 51. According to this source they are both widely distributed. The fragments are mostly liturgical chants and they have been discussed in that context.

**Keywords:** binding material; fragment; fragmentology; Grey collection; Middle Ages; parchment; Renaissance; single leaves

## 1. Inleiding

Christopher de Hamel, 'n wêreldbekende kenner van Middeleeuse manuskripte, het in 2011 opgemerk dat navorsing oor Middeleeuse manuskripte in die toekoms deur manuskripfragmente oorheers gaan word. De Hamel, wat gepraat het by 'n seminar wat by die Universiteit van Suid-Carolina in die VSA gehou is, is 'n navorsingsgenoot van Corpus Christi College, Cambridge en 'n navorsingsbibliotekaris van die versamelings van vroeë manuskripte in Brittanje. Hy het daarop gewys dat hoewel tienduisende ongeskonde Middeleeuse kodekse in versamelings wêreldwyd gevind kan word, die meeste van die oorblywende geïllumineerde Middeleeuse manuskripmateriaal wat vandag bestaan, fragmentaries is. Hierdie fragmente is die beskadigde oorblyfsels van boeke wat in die laat Middeleeuse en vroeë moderne tydperke deur boekbinders opgesny is om as bindmateriaal gebruik te word of as enkelblaai verkoop te word. Die fragmente voorsien betekenisvolle middele waardeur studente en navorsers die tekstuele, literêre, artistieke en godsdienstige kultuur van die Middeleeue kan bestudeer. Hulle werp ook lig op die antikwariese, bibliofiliese, kommersiële en opvoedkundige belangstellings van die opeenvolgende eenaars. Vandag sal studente waarskynlik Middeleeuse manuskripte vir die eerste keer deur fragmente ontdek (De Hamel s.j.; Johnson s.j.; Wilkinson 2008).

Die meeste oorblyfsels van voorwerpe uit die Middeleeue bestaan in die 21ste eeu slegs uit fragmente. Sulke artefakte kan geboue wees, of daaglikse gebruiksartikels soos werktuie, wapens, juwele, kunsvoorwerpe of manuskripte. In die geval van manuskripte word daar gehoop dat die verlore dele eendag teruggevind sal word – vandaar die toenemende belangstelling in fragmente en beskadigde boeke. 'n Nuwe naam is vir hierdie soort navorsing voorgestel, naamlik *fragmentologie* (Heintzelman 2014).

Die doel van hierdie artikel is om die aard en geskiedenis van die nuwe studie van fragmentologie te ondersoek. Die ontstaan van fragmente word bespreek, asook die migrasie van fragmente. Dan word ook gekyk na die onderliggende betekenis van die fragmente, meer as byvoorbeeld slegs die bind van 'n boek, in besonder die historiese en wetenskaplike waarde daarvan en die bydrae wat die fragmente tot verskillende vakgebiede kan lewer. 'n Sekondêre doel is om vas te stel of daar alreeds so 'n studie in Suid-Afrika onderneem is, en of dit moontlik is om so 'n ondersoek hier te onderneem. Die artikel is dus 'n navorsingsverslag oor hierdie twee doelwitte.

Die navorsing vir hierdie artikel strek vanaf die begin van 2014, toe ek 150 webwerwe vir perkamentfragmente wat foto's bevat, nagegaan het om fragmente te vind uit dieselfde manuskripte as die Suid-Afrikaanse fragmente wat reeds aan my bekend was. Ek het ook die nasionale biblioteek van Finland in Helsinki besoek, waar een van die grootste versamelings van manuskripfragmente ter wêreld gehuisves word. Ek het nie fragmente uit dieselfde manuskripte gevind nie. Ek het wel soortgelyke fragmente gevind wat getoon het dat my datering en plasing van oorsprong vir die fragmente in Manuskrip 3c16<sup>2</sup> in die Grey-versameling in die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NLSA), Kaapstad, akkuraat was. Die bestaan van soortgelyke fragmente is 'n duidelike aanduiding van hoe manuskripfragmente gemigreer het.

Die volgende stap was om na Kaapstad te gaan om weer na die fragmente in die Grey-versameling te gaan kyk. Sommige hiervan was aan my goed bekend, aangesien ek reeds in 2010 en in 2012 twee artikels gepubliseer het oor fragmente in MS3c16 en MS 48b3 in die Grey-versameling asook fragmente wat in die NLSA, Pretoria, gevind is. Albei artikels is in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* gepubliseer (Steyn 2010 en 2012).

Ander fragmente het ek minder goed geken. Ek het gehoop om meer fragmente as bindmateriaal in die gedrukte boeke in die Grey-versameling te vind. Ek het die vroeë gedrukte boeke van die 15de tot die 17de eeue nagegaan, maar geen fragmente in die bande gevind nie. Die latere gedrukte boeke in die versameling hou meestal verband met Afrika en het stewige bande, en dit is minder waarskynlik dat daar perkamentfragmente in sal wees. 'n Langdurige tydperk van navorsing sal nodig wees om dit behoorlik te bepaal.

Ek het ook weer na die koorboekfragmente van die NLSA, Pretoria, gaan kyk. Ek het bevind dat baie van die fragmente wat ek bestudeer het, waardevolle inligting bevat oor die herkoms van vroeë liturgiese gesange. Dit was insiggewend dat daar selfs in Suid-Afrika – wat ver is van die sentra waar perkamentmanuskripte gebruik en vervaardig is – fragmente te vinde is. Dit werp lig op hoe fragmente gemigreer het. Die aard van die inligting wat gevind is, word later in hierdie artikel bespreek.

## 2. Wat is 'n manuskripfragment?

Die mees algemene manuskripfragmente is dié wat gevind is in, en verwyder is uit, die bande van boeke. Volledige enkelblaaie van boeke wat in die 19de en 20ste eeue opgesny en as kunsvoorwerpe verkoop is, word egter ook as fragmente beskryf (Manuscripts, archives and letters s.j.).

Die redes waarom manuskripte opgeskeur is, is so uiteenlopend soos hulle inhoud. Hulle geskiedenis het egter ramspoed en transformasie gemeen. Twee belangrike gebeure wat aanleiding gegee het tot die opsig en hergebruik van manuskripte was die uitvinding van die drukkuns en die Hervorming. Manuskripte het oorbodig geraak toe die verspreiding van gedrukte boeke in die 15de eeu maklik en vinnig geword het. Die duursame perkament waarop die manuskripte geskryf is, was steeds kosbaar en is dikwels as bindmateriaal vir gedrukte boeke gebruik. Perkamentfragmente kan gevind word as rugbekleding, skutblaaie en selfs volledige omslae. Baie dele van Middeleeuse manuskripte kan hiervan herwin word (Pass s.j.).

Met die godsdienstige hervorming in Europa in die 16de eeu het baie van die vroeëre godsdienstige tekste en literatuur in Latyn skielik hulle betekenis verloor. Daar was talle manuskripte met patristiese tekste wat opgeskeur kon word. Volgens Ker (1954) kon die behoefte om vir nuwe boeke op rakke en lessenaars plek te maak die oorwegende rede gewees het waarom die ou boeke vernietig is, eerder as veranderinge in die godsdienst. In Oxford en Cambridge byvoorbeeld het 16de-eeuse binders begin om perkamentblaaie van Middeleeuse manuskripte te gebruik as plakblaaie (*pastedowns*) – die swaar papier wat in ’n moderne boek op die binnekant van die omslae geplak word om die band van die boek te versterk (Ker 1954:429, 489). In Swede het die staat beslag gelê op ’n groot gedeelte van sowel die handgeskrewe as gedrukte Middeleeuse boeke wat in die besit van kerke en kloosters was. Die blaaie is uitmekaar gehaal en gebruik as omslae en plakblaaie vir die boekhoudingboeke en soortgelyke volumes wat die ontwikkelende administrasie gebruik het. Hierdie omslae is nou in die argief van die sentrale regering in Stockholm (The Fragmenta membranea collection s.j.).

Die herwinning van perkament het egter ook buite die Lutherse area plaasgevind. Die katolieke *Missale Nidrosiense* (1519), die eerste boek wat in Noorweë gedruk is, en die Deense *Missale Hofniense* (1510) bevat perkamentfragmente van 12de-eeuse Latynse Bybels en die laaste Katolieke aartsbiskop van Nidaros het ’n perkamentbladsy uit ’n 12de-eeuse Latynse Bybel as ’n omslag vir ’n boekhoudingboek gebruik. Die Nidaros-katedraal in Trondheim is die belangrikste kerk in Noorweë (Karlsen 2005:48).

### 3. Fragmente as bindmateriaal

Amper 150 vroeë gedrukte boeke in die regsbiblioteek van Yale-universiteit het bande wat sigbare dele van Middeleeuse manuskripte bevat. Hierdie fragmente verskaf inligting oor die verspreiding van Middeleeuse tekste, die ontwikkeling van handskrifte, en die geskiedenis van die drukkuns en boekbindery. Heelwat van die fragmente kom uit Bybels en liturgiese manuskripte en sommige daarvan het vroeë musieknotasie wat seldsaam is. Vier van die regsboeke het regswerke in hulle bande. Ander voorbeelde sluit in ’n preek, ’n fragment van Cicero en twee Hebreeuse manuskripte. Een van die fragmente is die oudste voorwerp in die regsbiblioteek en dateer uit die era 975 tot 1075 (Widener 2010).

Bande, saam met hulle plak- en skutblaaie, voorsien dikwels inligting soos raknommers, aantekeninge en strukturele leidrade (soos kettings) wat vertel wie die boekdeel gebind het, of opdrag gegee het daarvoor, of wat die omswerwing daarvan deur die eeue heen was, want Middeleeuse en Renaissance-manuskripte is dikwels deur een kenner of inrigting aan ’n

ander uitgeleen of as geskenke gegee. Die bande kan vrae beantwoord oor watter individue, kloosters of kerke 'n boek besit het. 'n Kritiese ontleding van bande is noodsaaklik vir geskiedkundiges wat boeke bestudeer. Manuskripte wat as bindmateriaal gebruik is, voeg 'n ryk kulturele agtergrond toe aan die boekdele waaraan hulle geheg is (Wilkinson 2008).

Die manuskripfragment is nie 'n ware weergawe van die oorspronklike manuskrip of 'n nabootsing daarvan nie. Dit is 'n oorblyfsel wat meer uitleg verg as 'n volledige manuskrip. Dit kan vir selfs die mees bedrewe manuskripdeskundige 'n uitdaging wees om die teks op hierdie fragmente te identifiseer. Fragmente van manuskripte kan nooit dieselfde inligting oordra as 'n volledige manuskrip nie. Afgesien van die ooglopende fisiese verlies en leemtes, is daar 'n beduidende verlies aan samehang. Spore van die skade kan visueel verwarrend wees en daarmee saam kan herstelwerk die oorspronklike aard van die manuskrip nog verder verbloem (Wilkinson 2008).

#### **4. Fragmente as volledige enkelblaaie**

Benutting as bindmateriaal is nie die enigste wyse waarop fragmente bly voortbestaan het nie. Baie fragmente bestaan as gevolg van die meer onlangse vernietiging van manuskripte deur handelaars wat volledige manuskripte koop en hulle dan opsny en die bladsye afsonderlik as kunswerke of leermiddele verkoop. Die belangstelling in die versameling van enkelblaaie het aan die begin van die 1900's begin toeneem. In 1913 het Robert Forrer van Strassburg 'n katalogus van sy versameling, wat toe 18 volledige manuskripblaaie bevat het, gepubliseer. Vir dié tyd was dit 'n groot aantal. Teen 1956 het versamelaars soos Erik von Schering van Leiden katalogusse gepubliseer wat amper 2 600 volledige blaaie bevat het – baie daarvan het hy in die VSA verkoop (Manuscripts, archives and letters s.j.).

Otto Ege (1888–1951) was die bekendste van hierdie handelaars. In sy professionele hoedanigheid was hy dekaan van die Cleveland Institute of Art en dosent in boekgeskiedenis aan die biblioteekskool van Case Western Reserve University. In sy persoonlike hoedanigheid het hy Middeleeuse en Renaissance-manuskripte versamel wat hy dan opgesny en versprei het. In 1938 het hy 'n artikel geskryf onder die opskrif “I am a biblioclast”. Hy erken hierin dat hy 25 jaar lank “een van daardie vreemde, eksentrieke opskeurders van boeke was. Ons soort is dikwels uitgeskel [...]. Andrew Lang het ons geklassifiseer (ek is glo die estetiese grafskender van die boekewêreld)” (Porcheddu s.j.; my vertaling). Ege se doel was om die glorie van Middeleeuse en Renaissance-manuskripte met die minderbevoorregte studente wat nie toegang tot die primêre bronne van die verlede gehad het nie, te deel. As duisend mense 'n oorspronklike manuskripblaaie kan hanteer, het dit die opsny van die boek geregverdig, aldus Ege. Min mense kan 'n volledige manuskrip besit, maar baie kan 'n blaaie besit.

Ege het verskil van vroeëre opskeurders van die 18de en vroeë 19de eeue, wat dikwels die geskilderde miniature of goue hoofletters uitgesny het sodat hulle buite die verband van die teks gemonteer en waardeur kon word. Ege het hom toegelê op die volledige enkelblaaie wat sou dien as 'n voorbeeld van die skrif, die teks en soms ook die versiering, alles tesame. Hy het by elke blaaie 'n kort gedrukte beskrywing verskaf wat dikwels 'n presiese datering vir 'n spesifieke jaar ingesluit het (iets wat baie moeilik is om te doen, selfs in die geval van 'n

volledige manuskrip) en dit aan museums, biblioteke en boekversamelaars in die VSA en elders verkoop.

Niemand weet presies hoeveel volledige volumes of los blaaië Ege in sy leeftyd besit het of hoeveel blaaië hy verkoop het voordat hy in 1951 oorlede is nie, maar wat wel duidelik is, is die aard van sy “evangeliese drif”. Shailor (2003:9) noem hom “a manuscript evangelist” wie se optrede die verbrokkeling en verspreiding van duisende manuskripblaaië tot gevolg gehad het.

## 5. Die handel in uitgesnyde miniature

Met Napoleon se inval in Rome in 1798 is die Sistynse kapel en die Vatikaanse biblioteek deur sy troepe gestroop. Luigi Celotti, ’n Venesiese ab (1768–c. 1846), het die koorboeke en liturgiese manuskripte van die soldate gekoop. Dit was veral missale wat in opdrag van Giovanni di Lorenzo de Medici, pous Leo X (1513–1521), vir die Sistynse kapel geskryf en geskilder is. Celotti het belang gestel in geïllumineerde miniature en het die boeke uitmekaar gesny, sommige miniature vir homself gehou en die res na Engeland geneem om aan versamelaars te verkoop. Hoewel sulke gedrag vandag as skandelik bestempel sou word, is Celotti destyds geprys omdat hy die versameling van miniature as ’n nuwe gebied van versameling gevestig het (Munby 1972:65).

Meer as 200 van hierdie miniature is in 1825 in Londen deur die kunshandelaars Christie’s op ’n openbare veiling verkoop. Dit was die eerste openbare veiling van miniature en word beskou as ’n mylpaal in die geskiedenis van versameling (Miniatures s.j.).

Die titelblad van die veilingkatalogus het aangekondig dat die miniature afkomstig was uit die koorboeke van die Pouslike Kapel van die Vatikaan en dat die miniature baie belangrik was omdat hulle die skilderkuns in Italië gedurende die 15de en daaropvolgende eeue illustreer; dit is benadruk dat die miniature afkomstig was van die Sistynse kapel in die Vatikaan, wat deur Napoleon se troepe geplunder is. Volgens Hindman (1997) het hierdie beklemtoning op slinkse wyse aan die hand gedoen dat voornemende kopers saam met Celotti deel kon hê aan hulle herwinning om sodoende Franse republikanisme teen te staan. In die inleiding tot die katalogus wat deur William Ottley (oorlede 1836), ’n kunshistorikus en deskundige op die gebied van die Italiaanse Renaissance, geskryf is, het die skrywer benadruk dat terwyl paneelskilderye en fresko’s óf verlore gegaan het óf beskadig is, miniature dikwels in ’n volmaakte toestand bly voortbestaan het. Omdat hulle op so ’n uitsonderlike wyse die hoogtepunte van die kuns van die Renaissance openbaar, het hy hulle monumente van ’n verlore kuns genoem. Die Celotti-verkoping het kunshandelaars, nie boekliefhebbers nie, gelok, en hulle het hoë pryse betaal (Miniatures s.j.; Hindman 1997).

Volgens Munby (1972:65) moes die heffing van doeanetariëwe per gewig in Engeland die invoer van miniature – wat uit die groot, swaar manuskripte wat dikwels met dik houtplanke gebind is, gesny is – aangemoedig het. Die belangrikste rede vir die versameling van uitgesnyde miniature was egter hulle kunswaarde. Deur die teks te verwyder, is die status van skilderye aan die miniature verleen (Hindman 2001:93–101).



Die kunskritikus John Ruskin (1819–1900) het in sy dagboek geskryf: “cut up Missal last night – hard work” (Miniatures s.j.). Sy kulturele barbaarsheid was ’n produk van sy tyd. Hy wou belangstelling vir die verlore kuns van miniatuurskildering wek. Hy het ook ’n vriend gevra om vir hom interessante manuskripte te soek en gesê: “interesting [manuscripts] in art, for I don’t care about old texts” (Miniatures s.j.).

Talle openbare versamelings van miniature is vanaf die 19de eeu opgebou. Daar is ’n permanente openbare versameling in the Marmottan-museum in Parys (veral bekend om sy Monet-skilderye) wat uit 321 items bestaan. Ander belangrike Europese versamelings kan gevind word in Venesië (Cini-stigting), Berlyn (Kupferstichkabinett), die British Library, die Louvre-museum en elders. In die VSA is daar versamelings van miniature in die National Gallery in Washington, die Pierpont Morgan-biblioteek, die Free Library in Philadelphia, die Cleveland Museum of Art, die Art Institute of Chicago, en die J. Paul Getty-museum (Miniatures s.j.).

## 6. Ander doeleindes waarvoor fragmente gebruik is

Perkamentmanuskripte is ook vir ander doeleindes gebruik wat tot hul vernietiging gelei het. Voorbeelde is sakkies vir tabak of buskruit, bekleedsel vir kiste, altaardoeke, kandelare, lampkappe en baie ander artikels waarvoor die sterk en tog buigsame perkament baie geskik was. In 2011 is fragmente van Middeleeuse manuskripte in die some van rokke in die Cistersiënse klooster van Wienhausen in Noord-Duitsland gevind. Die rokke, wat in die laat 15de eeu deur nonne gemaak is, het die klooster se standbeelde geklee. Die rokke is gemaak van linne, fluweel en sy en is versier met konynpels. Om die pels te drapeer, het die nonne die some versterk deur stroke perkament met gare in die voue in te werk. Die manuskripmateriaal wat gevind is, het liturgiese en regstekste ingesluit (Wilkinson 2008).

’n Lampkap gemaak van perkament wat in die vroeë 1970’s op die vlooiemark in Old Fellow’s Hall in Forrest Road, Edinburgh gekoop is en in 1982 na Suid-Afrika gebring is deur Chris Jeffery, later professor van Engels aan die Universiteit van Port Elizabeth (nou NMMU), is deur Morné Bezuidenhout (1996) nagevors en beskryf. Bezuidenhout het bevind dat die lampkapfragmente uit die blaaië van een of twee 14de-eeuse Romeins-Franciskaanse antifoonboeke gesny is. Hulle bevat materiaal van die Advent-tydperk van die liturgiese jaar. Bezuidenhout het vasgestel dat die lampkapfragmente nuwe getuie verskaf het van die voortduur van elemente van die Regula-liturgie van die Franciskaanse orde in die 14de eeu, ten spyte van die hersiening van die liturgie deur Haymo van Faversham in die 1240’s (Bezuidenhout 1996:1–10). Van Faversham het in 1243 en 1244 ’n ordinaal<sup>3</sup> geskryf wat die prototipe (model) van die Franciskaanse orde geword het. Dit het verskeie aspekte van die Romeinse liturgie volgens die besondere vereistes van die Franciskaanse orde aangepas. Die prosedures voordat die ordinaal verskyn het, word die Regula-liturgie genoem (Ottosen 2008:270).

Die oorblywende fragmente bewys dat boeke verlore gegaan het wat baie interessant sou gewees het. Die herwinningsbeginsel het egter reeds duisende fragmente gered. Hierdie fragmente is nou die dele van ’n groot, hoewel onvoltooide, legkaart wat uiteindelik gebruik kan word om boeke te herkonstrueer (Frederici 1985).

## 7. Fragmente in die Grey-versameling in die NLSA, Kaapstad

Betekenisvolle fragmente kom voor in die manuskripte in die Grey-versameling van die NLSA in Kaapstad. Sir George Grey, goewerneur aan die Kaap van 1854 tot 1861, het sy boekversameling van 5 200 boeke en manuskripte aan die Kaapkolonie geskenk toe hy na Nieu-Seeland verplaas is. Die versameling sluit 114 Middeleeuse en Renaissance-manuskripte in, asook incunabula (of wiegdrucke) en seldsame gedrukte boeke. Die meeste van die manuskripte is deur sir George Grey op veilings in Londen gekoop.

Sewe van die Middeleeuse en Renaissance-manuskripte in die Grey-versameling het perkamentfragmente van ander, ouer manuskripte in hulle bande. Hulle is: MS 3c16, MS 4b3, MS 4b6, MS 6b2, MS 6b3, MS 3a11, MS 3c7.

Die fragmente in Ms 3c16, asook volledige blaaie wat gebind is as MS 48b3, is reeds deur my bespreek in 'n artikel met die titel "Two unknown music fragments in the Grey Collection of the South African Library, Cape Town" (Steyn 2012). Die doel van daardie artikel was om die musiekwetenskaplike aard en waarde van die fragmente te ondersoek. In die huidige artikel word daar nie gekonsentreer op die musiekwetenskaplike aard van die fragmente nie, maar word gekyk na die wyse waarop fragmente gemigreer het, asook na die historiese waarde en konteks van die fragmente.

### 7.1 Manuskrip 3c16

Die merkwaardigste fragment in 'n band in die Grey-versameling kom voor in MS 3c16, 'n 15de-eeuse perkament-eksemplaar van *Historia destructionis Troiae* deur Guido delle Colonne (oorlede 1287). Dié fragment bestaan uit twee perkamentblaaie uit 'n 12de-eeuse Latynse missaal met musieknotasie wat aan die voorkant van die boek ingebind is. Die *Historia* het 'n aantreklike 19de-eeuse band, maar die fragment vorm nie deel van hierdie band nie. Dit was waarskynlik deel van 'n 15de-eeuse band wat in die boek geïnkorporeer is. Dit kon die eerste band van die boek gewees het, aangesien boeke in daardie tyd dikwels as 'n stapel blaaie verkoop is en die bind daarvan aan die koper oorgelaat is. Die twee blaaie is ongeveer dieselfde grootte as MS 3c16, hoewel dele daarvan afgesny is, die een aan die bokant, die ander aan die onderkant, en 'n klein gedeelte van die teks het verlore gegaan.

Volgens Hiley (1993:320) verwys die term *missaal* uitsluitlik na die boek wat die drie hoofbestanddele van die mis bevat: gesange, gebede en skriflesings. Die twee blaaie van hierdie fragment bevat vyf misse. Hoewel hulle volledig was in die oorspronklike manuskrip, is nie een van hulle volledig in die fragment nie. Genoeg het egter behoue gebly om te kon bepaal dat die bestanddele van die mis in die korrekte liturgiese volgorde verskyn.

Genoteerde missale vanaf die 10de eeu is gevind, maar hulle het slegs vanaf die 12de eeu algemeen voorgekom (Hiley 1993:320). Dikwels is die gebede, lesings en gesange in die missale nie geïntegreer nie, maar verskyn hulle naas mekaar. In sommige boeke word vir elke mis eers die gesange aangegee en dan die gebede. Boeke waarin die gebede, skriflesings en gesange in die korrekte volgorde verskyn soos hier, was baie skaars (Huglo 2001:757–60). Hierdie fragmente was dus deel van 'n baie seldsame manuskrip. Tog is dit opgesny om as bindmateriaal gebruik te word. Die liturgiese manuskrip is nie so hoog geag as die geskiedenis van die Trojaanse oorlog nie. Die vyf misse kan almal gevind word in die *Liber Usualis*<sup>4</sup> (Monnike van Solesmes 1963) vir Sondae na Pinkster.

Ek het vasgestel dat die fragmente deel gevorm het van 'n missaal uit die 12de eeu wat waarskynlik in die 15de eeu behoort het aan Dryburgh Abbey, 'n Premonstratenser-klooster op die grens tussen Skotland en Engeland, en vroeër aan 'n nabygeleë Cistersiëniese nonneklooster. MS 3c16 is 'n romantiese verhaal oor die Trojaanse oorlog wat baie gewild was gedurende die Middeleeue. Dit is een van drie eksemplare in die Grey-versameling in Kaapstad. Daar is ook 'n vertaling in Tsjeeggies in die Nieu-Seelandse Grey-versameling in Auckland (Steyn 2002:208). Die manuskrip is geskryf op perkament van 'n lae kwaliteit, baie blaaie is beskadig en daar is baie leemtes. Dit is in Latyn. Die fragment is van 'n baie sterker soort perkament en was dus uiters geskik om as bindmateriaal gebruik te word. Die teks en die musiek in die fragment is in twee kolomme op elke bladsy geskryf. Daar is groot, maar erg verbleekte, onversierde hoofletters in rooi en groen op die eerste, tweede en vierde blaaie en vae oorblyfsels van twee versierde hoofletters op die derde bladsy (Steyn 2012:98).

Die “alleluia”-gesange op die fragmente dui op 'n oorsprong in 'n Cistersiëniese klooster (Steyn 2012:105–6; Hiley s.j.). Die opeenvolging van alleluiagesange in manuskripte, en veral die opeenvolging van alleluias na Pinkster, is die mees betroubare aanduiding van die oorsprong van die manuskrip. Die alleluias is dikwels eie aan 'n sekere monnikorde en 'n sekere land en streek (Monnike van Solesmes 1955:35). Die twee alleluias “Paratum cor meum” en “Qui timent” op die fragment verskyn in die lys van alleluias van die Premonstratenser-monnikorde vir Sondae na Pinkster, hoewel nie opeenvolgend nie. Hulle verskyn vir die 20ste en 22ste Sondae met 'n ander alleluia tussenin. Hulle verskyn wel opeenvolgend vir die 17de en 18de Sondae na Pinkster in die lys van alleluias van die Cistersiëniese orde (Steyn 2012:106).

'n Bykomende aanduiding van die oorsprong van MS 3c16 is nog 'n fragment wat in die band gebruik is. Dit is 'n fragment uit 'n 15de-eeuse regsdocument wat melding maak van Hugo Douglas, ab van die Premonstratenser-abdy van Dryburgh in Berwickshire, Skotland. Die manuskrip was dus waarskynlik in Berwickshire toe dit gebind of herbind is. Hugo Douglas was ab van Dryburgh-abdy van 1427 tot 1445 (Hunter-Blair 1909; Steyn 2012:106).

Dryburgh-abdy, naby Dryburgh op die walle van die Tweedrivier op die grens tussen Skotland en Engeland, is op 10 November 1150 gestig in 'n ooreenkoms tussen Hugh de Morville, lord van Lauderdale en konstabel van Skotland, en die Premonstratenser-kanunnike van Alnwick-abdy in Northumberland. Die kanunnike het op 13 Desember 1152 saam met hulle eerste ab, Roger, in Dryburgh aangekom. Die abdy is in 1322 deur Engelse troepe afgebrand, waarna dit herbou is, en toe maar net weer in 1385 deur Richard II afgebrand is. Dit het egter voortbestaan totdat dit in 1544 vernietig is. Gedurende die Skotse hervorming wat kort daarna gevolg het, het James VI van Skotland die abdy aan die Hertog van Mar gegee. Dit is vier myl suidwes van Melrose-abdy, die vroegste Cistersiëniese abdy in Skotland (Hunter-Blair 1909).

Die Premonstratensers het baie van die Cistersiëniesers se metodes oorgeneem. In 'n handves gedateer 9 Maart 1391 het koning Robert III die besittings van die baie welgestelde Cistersiëniese nonne van Southberwick aan die Premonstratenser-kanunnike geskenk. Southberwick wat nabygeleë was op die walle van die Tweedrivier, is in 1385 deur Edward II vernietig (Hunter-Blair 1909).

Dit is moontlik dat die fragmente in MS 3c16 in die Grey-versameling in Kaapstad deel gevorm het van 'n manuskrip wat aan die Cistersiëniese nonneklooster van Southberwick

behoort het. 'n Besondere en aantreklike 12de-eeuse manuskrip kon in dié tyd deel gevorm het van die weelderige besittings van daardie abdy (Steyn 2012:106).


Paleografiese getuienis bevestig verder dat die fragment van Britse oorsprong is. Die skrif en die notasie toon duidelike ooreenkomste met 12de-eeuse manuskripte van Britse oorsprong. Die skrif kom sterk ooreen met Michelle Brown se voorbeelde van “Continental protogothic bookscript” (plaat 25), asook haar voorbeeld van “English protogothic bookscript”, 'n bladsy uit 'n manuskrip van die eerste helfte van die 12de eeu, British Library Royal 6.B. VI, folio 2 (Brown 1990:98). Dit is 'n manuskrip van Suetonius se *De Vita Caesarum*.

Kontinentale protogotiese boekskrif het ontwikkel in die kanaal-area tussen Engeland en Frankryk vanaf die einde van die 11de eeu onder die invloed van Franse Karolingiese minuskel. Dié skrif het 'n ovaal voorkoms en minims (die afwaartse beweging van die pen) is soms uitgebrei. Die letters kort die formeel-toegepaste serifs (voete) van Engelse Karolingiese en protogotiese minuskel, maar het tog onder invloed daarvan eenvoudige voete wat verkry is deur 'n opwaartse beweging van die pen, eerder as om op die lyn te eindig soos in Frankiese Karolingiese minuskel (Brown 1990:74–5). Die skrif in die fragment kom ook ooreen met dié in plaat 26 wat betref die ovaal voorkoms asook wat Brown (1990:76) noem “its prickly angular appearance”. Die skrif in die fragment toon 'n geringe bewing, wat miskien aandui dat die skribent oud was.


Die periode in skrifontwikkeling wat aangedui word deur die term *protogoties*, wat ongeveer ooreenkom met die kunshistoriese Romaneske periode, word nie altyd as 'n onafhanklike periode beskou nie. Die skrif waaroor dit hier gaan, is 'n oorgangsvorm, 'n laat-ontwikkeling Karolingiese minuskel wat ontwikkel in Gotiese minuskuul. Volgens Brown se kommentaar is die skrif egter eiesoortig en regionaal genoeg om as behorend tot 'n onafhanklike periode beskou te word. Dit het ontwikkel en is gebruik in dié streke waar die Normandiërs en die Angevyne<sup>5</sup> geheers het en kan verbind word met die toename in produktiwiteit wat saamgegaan het met hulle beskermheerskap en administratiewe en geestelike hervormings (Brown 1990:98).

Die skrif in die fragment verskil baie van die skrif in MS Grey 3c16. Die *Historia* is in 'n 15de-eeuse skrif geskryf wat ooreenkom met Brown se plaat 36, hoewel die versierings kortkom. Sy noem die skrif “Bastard Anglicana” of “Anglicana formata hybrida” en gebruik die voorbeeld van British Library Additional MS 10392, fol. 67v. Hierdie manuskrip, wat in 1432 in Londen, Engeland, geskryf is, is 'n eksemplaar van die teologiese werke van die Heilige Bernardus, die Heilige Augustinus, Hugh van St Victor en bevat Augustinus se *Soliloquiorum* (Brown 1990:98).

Die notasie in die fragment toon sterk ooreenkomste met dié in Stäblein (1975, plaat 42) Dit toon notasie uit 'n manuskrip van die einde van die 12de eeu, afkomstig van die Engelse Benediktynse abdy van St Albans. Dit is 'n vroeë vorm van kwadraatnotasie op vier lyne en is diastematies.



Figuur 1. Bladsy 1 van die fragment in MS Grey 3c16. Dit toon die eerste mis. Die gesange is nie genoteer nie, maar die offertorium “De profundis” kan in die linkerkantse kolom gesien word. (NLSA, Kaapstad)



Figuur 2. Bladsy 2 van die fragment in MS Grey 3c16. Dit toon die derde mis, met die introïtus “Benedicta sit, sancta divinitatis” in die middel van die linkerkantse kolom. (NLSA, Kaapstad)

pharisei: interrogavit eos  
 ihc dicens; Quid vobis videtur  
 de xpo? Cui filii est? dicunt ei;  
 dauid; ait illis; Quomodo dicitur in  
 spiritu uocat eum dominum dicentem.  
 dicit dominus domino meo. sede a  
 dextris meis donec ponam in  
 inimicos tuos scabellum pedum  
 tuorum. Si ergo dauid uocat eum  
 dominum. quomodo filii eius est? Et ne  
 mo poterat respondere ei uerbum.  
 neque ausus fuit quisquam ex illa  
 die eum amplius interrogare;

Sanctificauit moyses altare  
 domino offerens super illud ho  
 locaustum et immolans uictimas  
 fecit sacrificium uespertinum modo  
 rem suam autem ut domino  
 deo in conspectu

Alleluia.  
 Paratum cor meum deus para  
 tum cor meum cantabo psalmum  
 et canticum in glo  
 ria me

Nulla k: Accesserunt  
 ad dominum iherosolimitani pharisei: et inter  
 rogauit eum unus ex eis legis doc  
 tor temptans eum; Magister: quid  
 est mandatum magnum in lege?  
 ait illi ihc; Diliges dominum deum  
 ex toto corde tuo: et in tota  
 anima tua: et in tota mente tua;  
 hoc est maximum: et primum man  
 datum; Secundum autem simile est.

Figuur 3. Bladsy 3 van die fragment in MS Grey 3c16. Die genoteerde alleluia “Paratum” kan in die middel van die linkerkantse kolom gesien word. (NLSA, Kaapstad)

## 7.2 Manuskrip 4b3

Manuskrip 4b3 bevat in sy band 'n perkamentreep uit 'n manuskrip met 11de-eeuse neumes (musieknote) en teks in Latyn wat moontlik afkomstig is van die klooster van St Gall in Switserland. Die reep is 24,7 cm lank en die wydte wissel van 4,3 cm tot 5,3 cm. MS 4b3 is 'n leesrooster in Latyn van die vier evangelies wat behoort het aan die Benediktynse klooster van Amorbach in Beiere van die 14de tot die 16de eeu. Dit is geskryf op perkament. Die manuskrip het 'n 16de-eeuse band. Hierdie manuskrip is van besondere belang (belangriker as die fragment) vanweë die kwaliteit van die miniature daarin en veral die melding van Goetz von Berlichingen, die held van een van Goethe se beroemdste toneelstukke. Daar is notas in Latyn op die voorste twee skutbladsye (dieselfde bewoording) wat lees (my vertaling):

In die jaar 1525 op die vooraand van die Heilige Philippus en Jacobus, is hierdie boek, wat gemaak was met goud, silwer en edelgesteentes, geplunder deur 'n sekere man – wat nie gekenmerk word deur een greintjie edelheid nie, naamlik Gocz de Berlichingen en deur 'n ander vaandeldraer van die uitvaagsel Georgio van Ballenbergk, 'n slagter van beroep, 'n verraderlike man in al sy handelinge, 'n rower wat geen eergevoel het nie, die bitterste vervolger van die geestelikes, die adelstand en van sy eie God, ondanks die verbod van die evangelie en ook die wet van die natuur, daarby ook die vernietiger en mees walglike uitwisser van kerke en plekke van aanbidding.<sup>6</sup>

Die klooster het in die lente van 1525 swaar gely onder die gebeure van die oorlog van die boere. Op 1 Mei 1525 het die sogenaamde “heller Haufen” (“glansende hoop”) van die boere onder die aanvoering van die ridder Goetz von Berlichingen en van Joerg Metzler van Ballenberg die klooster geplunder en dit gedurende die daaropvolgende dae heeltemal gestroop. In sy rekords verwys Jakobus Zweifel, wat toe ab was, na die lot van die kloosterbiblioteek: “[O]ok is baie boeke in die biblioteek wat ons nie kon beveilig nie, opgeskeur en vernietig deur die boere.”<sup>7</sup> Op die Donderdag ná die feesdag van die Heilige Barbara (4 Desember 1532) beskryf die ab sy pogings, in die geskil oor skadevergoeding tussen hom en Goetz von Berlichingen, om eiendom terug te kry wat gedurende die oproerigheid deur die boere gesteel is. Dit het “'n versierde evangelieboek” ingesluit, wat verwys na die boek wat nou in Kaapstad is. Dit beteken dat dit met metaal en edelgesteentes versier was. Vanweë die groot waarde daarvan is slegs die band afgeskeur en weggeneem. Dit is later in die 16de eeu herbind en het nog dieselfde band (Bielschowsky 1949:76–9; Walter 1952:190–6; Steyn 2002:5–13).

Die stad, kanton en bisdom van St Gall in Switserland het die naam van 'n heilige wat in 612 as kluisenaar 'n hut naby die waterval van Steinach gebou het. Op die plek van sy graf het 'n ander heilige, die Duitser Ottmar, in 719 'n klooster gestig wat vanaf 883 bekend gestaan het as die klooster van die heilige Gallus en die heilige Ottmar. Monnike in die klooster het tot 1805, toe dit met geweld vernietig is, die Benediktynse reël gevolg. So vroeg as die 9de eeu was die klooster beroemd vir sy godsdienstige, intellektuele en ekonomiese aard. Die bekendste van die monnike van die 9de en die 10de eeu was Notker Balbulus (Notker die Hakkelaar) wat in 1513 tot heilige verklaar is. Notker is vandag nog baie bekend by musici deur die sekwense wat hy geskryf het ('n gesang waarvan die teks en die musiek die vorm a bb cc dd ... jj k volg. Dit begin en eindig met 'n enkelreël terwyl daar tussenin tweereëlstrofes is). Die abdy, wat ook beroemd was vir sy skool en sy biblioteek, het een van die hoofsentra




van die Westerse kultuur geword. Die vroeg Middeleeuse biblioteek het antieke geskifte asook Ierse manuskripte bevat. Ander monnike wat tot vandag toe beroemd is, was die geleerdes Hartker en Eckhard (Ochsenbein en Schmuki 1988:5; Ochsenbein en Schmuki 1992:6, 9, 86).

Toe die abdy in 1805 vernietig is, het die biblioteek behoue gebly. Dit is vandag 'n uitleenbiblioteek en 'n studiesentrum. Die biblioteek het ongeveer 100 000 volumes, waarvan die merkwaardigste die 2 000 manuskripte is wat uit die Middeleeue dateer. Daar is ook 'n versameling van 1 650 incunabula. Dit word beskryf as die mooiste Rokoko-saal in Switserland. Die inlegwerk van die vloer is veral beroemd (Ochsenbein en Schmuki 1992:86).

Deur die Middeleeue het baie monnike na St Gall gekom om manuskripte vir hulle kloosters te kopieer. Dit verklaar dus hoekom 'n manuskrip met St Gall-notasie in Amorbach was (Farmer 1987:96–7, 174; Alston 1909).

Hoewel daar nog nie volkome uitsluitel daaroor is nie, word algemeen aanvaar dat die vroegste oorblywende Westerse notasie afkomstig is van die aksenttekens van die klassieke literatuur. In die musieknotasie van die Christelike kerk het hierdie tekens “neume” geword (die Griekse woord *neuma* beteken “teken”). Die vroegste oorblywende manuskripte met neumatiese notasie dateer uit die 9de en 10de eeu en is afkomstig van die klooster van St Gall. Hulle toon 'n hoogs ontwikkelde notasiestyl wat egter nog adiaSTEMATIES is, dit wil sê toonhoogtes en intervalstruktuur word nie presies aangegee nie, soos in die illustrasie hier onder gesien kan word. Tussen die 9de en die einde van die 12de eeu het notasie, ten minste in sommige streke, ontwikkel tot diastematiese kwadraatnotasie, waar die neume op 'n notebalk met vier lyne aangebring is. Dit word nou nog gebruik vir die sing van cantus planus (*plainsong*) in die liturgiese boeke van die Rooms-Katolieke Kerk (Rastall 1983:15–6; Apel 1970:579).

Die uitvoering van cantus planus het in die volgende eeu minder gesofistikeerd geraak. Omdat die notasie verander het na kwadraatnotasie het die verskillende skole van neumenotasie van die 10de tot die 15de eeu langamerhand die subtiliteit van die neume van St Gall verloor (Rastall 1983:26). 'n Mens kan dus begryp dat 'n musiekmanuskrip van St Gall wat in Amorbach was, in onbruik geraak en dus as bindmateriaal gebruik is.



**Figuur 4. MS Grey 4b3 met die reep tussen die twee skutblaaie duidelik sigbaar (NLSA, Kaapstad)**



**Figuur 5. Die ingevoegde reep met die St Gall-neumes duidelik sigbaar (NLSA, Kaapstad)**

### **7.3. *Manuskrip 48b3***

MS 48b3 in die Grey-versameling is 'n perkamentfragment van 43 baie groot blaaië (575 mm x 421 mm) wat saamgebind is as 'n afsonderlike volume in 'n moderne band van die NLSA, Kaapstad. Dit is 'n genoteerde graduaal. Dit is bedoel vir 'n koor, aangesien die blaaië groot genoeg is vir 'n hele aantal sangers om vanaf te sing. Die blaaië is baie aantreklik, daar is geen vlekke of leemtes nie, die Latynse teks en die notasie is netjies in swart ink geskryf, en die hoofletters is aantreklik versier in helder kleure. Tog verskaf dit baie minder inligting oor die datum en herkoms daarvan as sommige van die kleiner fragmente (Steyn 2012:107).

Die 43 blaaië bevat die properiumgesange vir die heiliges wie se feesdae van 9 Junie tot 24 Junie gevier word, 'n klein gedeelte van die liturgiese jaar. Oor die algemeen kom slegs die properiumgesange in 'n graduaal voor, dit is die gesange wat van diens tot diens verskil. Die ander gesonge gedeeltes van die mis, die ordinarium, waarvoor die teksgedeeltes dieselfde bly, kom in ander boeke voor. Dit was tot dusver onmoontlik om die res van die boek te vind. Dit is nie bekend van watter handelaar sir George Grey hierdie blaaië gekoop het nie (Steyn 2012:107–8). Die folio-aanwysings in die rubrieke doen aan die hand dat die oorspronklike volume moes begin het met die gesange vir die Heilige Georg (23 April) en dat dit deel moes gevorm het van 'n stel van vier of vyf volumes van minstens 120 blaaië elk.

Die teks en die rubrieke is geskryf deur een skribent in 'n groot liturgiese handskrif. Die musiek is geskryf in een kolom in kwadraatnotasie in swart ink op vier rooi lyne. Dit is ook geskryf deur een skribent. Die skrif asook die notasie is baie netjies en reëlmatig.

Die skrif kom baie ooreen met die voorbeeld verskaf deur Brown (1990:124, plaat 48) van “*Littera gothica textualis rotunda bononsiensis*” (Italiaanse Bolognese Gotiese boekskrif). Dié skrif is oorspronklik in ongeveer die 13de eeu in die omgewing van die Universiteit van Bologna ontwikkel. Die ronde “d” en die “figuur 2” of Gotiese “r” is veral opvallend. Die styl van die hoofletters en skrif in hierdie fragment is verwant aan dié in MS J.R. Abbey wat in ongeveer 1460–70 in Milaan geskryf is. Die blomminiature toon 'n sterk verwantskap met dié

in 'n antefonarium uit sentraal-Italië of Bologna, laat 13de eeu, wat nou in die staatsbiblioteek van Suid-Australië is. Dit is beskryf deur Manion en Vines (1984:39, plaat 5).

Die alleluias in hierdie fragment kon nie met 'n besondere streek verbind word nie, met die uitsondering van die alleluia vir die Heilige Antonius van Padua. Die gesang is egter wyd versprei. Al die gesange vir die feesdag van die Heilige Antonius (13 Junie) vorm deel van die *Mis vir die Heilige Antonius*, 'n polifoniese komposisie deur die beroemde komponis Guillaume Du Fay (1397–1474). Du Fay se properiumsiklus vir die Heilige Antonius van Padua volg die volgorde van properiumgesange vir die Heilige Antonius in die Franciskaanse liturgiese boeke presies. Volgens David Fallows (1982) het Dufay die *Mis vir die Heilige Antonius* geskryf vir die inhuldiging van Donatello se beelde vir die altaar van die Basilika van St Antonio in Padua. Dit is dus duidelik dat hierdie gesange in Noord-Italië bekend was (Fallows 1982:66–7; Planchart 1988:118, 143).

Hoewel die oorsprong van hierdie fragment nie meer noukeurig vasgestel kon word nie, kom dit volgens die paleografiese getuienis asook die verspreiding van die teks waarskynlik van die Bologna-streek, wat na die suide tot by Florence en na die noorde tot by Venesië en Padua strek. Dit is waarskynlik in die 15de eeu geskryf. Hierdie gevolgtrekking is gemaak op grond van die versiering, die skrif en die notasie asook die aanwesigheid van die gesange in die streek gedurende daardie tydperk.



**Figuur 6. Bladsy 3r (111v) van MS Grey 48b3 (NLSA, Kaapstad)**

#### **7.4 Manuskrip 3c4**

Hoewel MS 3c4 'n baie aantreklike en hoogs versierde manuskrip in sy oorspronklike toestand is, het 'n eienaar verkies om dit nog aantrekliker te maak deur 13 knipsels uit ander manuskripte daarin te plak. MS 3c4 is 'n getydeboek ("Book of Hours") wat in die tweede helfte van die 15de eeu in Frankryk geskryf is. Dit is 'n kodeks in Latyn en volg die gebruik van Autun. Dit is geskryf op perkament. Met die uitsondering van twee is al die ingeplakte knipsels versierde hoofletters op perkament. Hulle kan vanaf die middel van die 13de eeu tot die 16de eeu gedateer word. 'n Mens dink aan Luigi Celotti, die Venesiese ab (1768–c. 1846) wat die eerste persoon was wat geïllumineerde miniature uitgesny en afsonderlik verkoop het.

Die manuskrip verskyn in 'n katalogus gedateer 15 Julie 1858 van die verkoopshuis van Quaritch in Londen, waar sir George Grey dit gekoop en na die Kaap gebring het. Daar is 'n nota op die eerste skutblad van die boek wat sê dat Quaritch die manuskrip op 4 November 1857 gekoop het. Volgens Casson (1959/60:23) kon die manuskrip nie in 'n vorige katalogus gevind word nie. Dit is dus nie buite die bestek van die moontlikheid dat 'n 18de- of vroeg 19de-eeuse eienaar dit van Celotti gekoop en dat dit later aan Quaritch verkoop is nie. Dit was egter nie moontlik om dit met sekerheid vas te stel nie.

Volgens Duffy (2006:3) is “the Book of Hours [...] one of the most glamorous and most familiar artefacts of the Middle Ages”. Die geïllumineerde miniature, geskilderde hoofletters, versierde kantlyne en ryk kleure span saam om dit 'n pragtige kunswerk te maak. Getydeboeke is sedert hulle ontstaan uitspattig versier. Hoewel 'n getydeboek in die eerste plek 'n gebedeboek is, was dit dikwels net soveel 'n teken van rykdom as van vroomheid. Die prys van so 'n boek was dikwels nie 'n afskrikmiddel vir die koper nie, maar eerder 'n aansporing, aangesien die koper ander met sy aankoop sou wou beïndruk (Duffy 2006:18; Steyn 2014:38, 42). In die geval van MS 3c4 het 'n eienaar die boek selfs nog meer versier.

MS 3c4 het die gewone samestelling van 'n getydeboek. Dit begin met 'n kalender, gevolg deur lesings uit die vier evangelies. Dan volg die Ure van die Maagd Maria, die boetspsalms, die Ure van die Kruis, die Ure van die Heilige Gees, die Begrafnisdiens en gedenkskrifte vir die heiliges.

Die kalender het vier inskrywings vir die heilige Lasarus. Dit dui sonder twyfel op 'n oorsprong van Autun vir MS 3c4. Die vier inskrywings is: Lazari episcopi (17 Desember) Dedicatio ecclesie sancti Lazari (30 Desember), Lazari episcopi et martiris (1 September) en Revelacio beatis Lazari (20 Oktober). Daar was dus vier feesdae waarop die heilige Lasarus geëer was: vir biskop Lasarus, die inwyding van die kerk van die heilige Lasarus, Lasarus as biskop en martelaar en die openbaring van die heilige Lasarus. Twee inskrywings in die kalender vir die heilige Nasarius dui ook op Autun. Die kerk van St Nasarius in Autun is in die 5de eeu gebou. Die twee inskrywings in die kalender is Translatio<sup>8</sup> sancti Nasarii (12 Junie) en Nasarii et Celsi (28 Julie).

Autun is geleë op die pelgrimsroete na Santiago de Compostela en die katedraal van die heilige Lazarus is tussen 1120 en 1146 gebou om die pelgrims te akkommodeer toe die 5de-eeuse kerk van die heilige Nazarius te klein geword het (Elson s.j.).

Na elke afdeling van die getydeboek is 'n bladsy en in een geval 'n blaaï oopgelaat. Die 13 fragmente is baie netjies op hierdie blaaï en bladsye geplak. Die fragmente het nie betrekking op óf die voorafgaande óf die opvolgende afdeling nie, maar is slegs vir versiering. Hulle is in Gotiese skrif om te pas by die Gotiese skrif van die manuskrip self. Die skrif van die manuskrip is na aan dit wat Brown (1990:82) “textualis prescissa” noem, veral as gelet word op die “z”-vormige “r”.

Daar is byvoorbeeld op f. 22v 'n miniatuur van 'n huwelikseremonie. Daaronder is 'n versierde “A” (onderstebo) in goud, oranje en turkoois. Op f. 107v verskyn 'n versierde “D” met Christus wat voor 'n nagmaalsbeker kniel. Op dieselfde bladsy is 'n teksgedeelte geplak wat begin met 'n versierde “L” wat drie koorsangers uitbeeld: “Letabundus exultet fidelis chorus alleluia. Regem regum intacte profundit thoros re miranda. Angelus ...”. Die opskrif is “... tatis domin(c)e ad primam missam” (“... tatis” dui op “navitatis”). Dit moet dus gesing

word tydens die eerste mis van Kersfees. Dit is 'n wydverspreide en bekende sekvens vir Kersfees.

Hierdie sekvens verskyn in 'n ander manuskrip in die Grey-versameling, MS 7a27, 'n Premonstratensiese graduaal met 'n versameling sekwense, met Roggenburg naby Augsburg in Suid-Duitsland as oorsprong. Hierdie manuskrip (in Latyn en op perkament) is in die middel van die 13de eeu geskryf (Steyn 1990; Deel 1:8; Deel 2:84). Hierdie sekvens verskyn ook in verskeie manuskripte in die Koninklike Biblioteek in Brussel wat dateer tussen die 11de en die 15de eeu, en in talle ander. Dit verskyn in die *Analecta Hymnica* (Dreves 1961; Deel 54:5). Die spelling "Letabundus" in plaas van "Laetabundus" dui op 'n laat manuskrip, moontlik 16de eeu. Die "c" in "domin(c)e" is waarskynlik 'n fout.



Figuur 7. Folio 22v met twee knipsels: 'n miniatuur van 'n huwelikseremonie, en 'n onderstebo hoofletter "A" (NLSA, Kaapstad)



**Figuur 8. Folio 107v met twee knipsels: ’n hoofletter “D” met Christus wat voor ’n nagmaalsbeker kniel en daaronder die sekvens “Letabundus” (NLSA, Kaapstad)**

### *7.5 Ander manuskripfragmente*

Ander fragmente wat in die bande van manuskripte in die Grey-versameling gevind word, sluit in naaldwerkbeskermers (*sewing guards*) uit ’n 13de/14de-eeuse skolastiese manuskrip in ’n Germaanse skrif in die 15de-eeuse band van ’n Suid-Duitse legendarium, MS 4b6.

In die band van MS 6b2, ’n 14de-eeuse genoteerde Franciskaanse kalender, psalterium en gesangeboek uit sentraal-Italië, bestaan die vaste en ander skutblaaie uit opeenvolgende enkelblaaie van ’n 11de- of 12de-eeuse Bybel.

In die band van MS 6b3, 'n 16de-eeuse genoteerde Kartuisiese leesrooster van die vier evangelies uit Liège, België, bestaan die vaste skutblaaie uit 'n teks oor Romeinse reg deur Ulpianus, met kommentaar, wat op die band geplak is.

Die 16de-eeuse band van MS 3a11, 'n psalterium en breviarium afkomstig uit Suid-Nederland of Noordoos-Frankryk, geskryf in die 13de of 14de eeu, bevat verskeie verslete en gebrekkige vaste skutblaaie uit 'n 14de-eeuse teologiese manuskrip.

Die 18de-eeuse band van MS 3c7, wat bestaan uit Humbert de Romans se *Tractatus de dono timoris*, asook *De attricione et contricione* deur 'n anonieme skrywer – albei afkomstig van Liège in die 14de eeu – bevat vaste skutblaaie wat onderstebo geplak is.

Hulle is almal van perkament en in Latyn geskryf.

'n Uitgebreide soektog deur afbeeldings van perkamentmanuskripfragmente op 150 internetwebwerwe het geen gelykes opgelewer nie, hoewel daar ooreenkomste was met die fragmente in MS 3c16. Hierdie ooreenkomste is gevind in 12de-eeuse fragmente uit Engeland in die Beinecke-biblioteek, Yale, maar hulle was nie uit dieselfde manuskrip nie. Ooreenkomste is ook gevind in die nasionale biblioteek in Finland, veral fragment F.m. 1.26 wat ek in Helsinki ondersoek het. Hierdie fragment was die naaste aan die fragmente in MS 3c16. F.m. 1.26 is 'n fragment van 48 bladsye, sommige daarvan baie fragmentaries. Die oorsprong word deur Niskanen en Keskiäho (2010:253) aangegee as Engeland en die manuskrip is gedateer as komende uit die tweede helfte van die 12de eeu.

Twee ander soortgelyke fragmente in die nasionale biblioteek van Finland is F.m. 130 en F.m. 1.31. Die fragment F.m. 130 dateer uit die tweede helfte van die 12de eeu. Die oorsprong word op grond van die liturgiese gebruik deur Haapanen (1925:103) aangegee as Engeland of Frankryk en deur Niskanen en Keskiäho (2010:253) as Engeland. F.m. 1.31 is deur Gullick (2009:40) en Niskanen en Keskiäho (2010:253) gedateer as 12de-eeus. Die oorsprong word deur sowel Gullick (2009:40) as Niskanen en Keskiäho (2010:253) aangegee as Engeland. Daar is ook fragmente van die laasgenoemde twee manuskripte in die Stockholm Rikasarkivet. Selfs al is hierdie fragmente nie van dieselfde manuskrip as die fragmente in MS 3c16 nie, toon die ooreenkomste dat hulle hul oorsprong in dieselfde gebied en gedurende dieselfde tydperk het. Dit illustreer hoe die fragmente gemigreer het.

Ek kon nie fragmente in die bande van die vroeë gedrukte boeke in die Grey-versameling vind nie. 'n Verklaring hiervoor is dat sommige van die boeke nog hul oorspronklike bande het wat steeds in 'n goeie toestand is. Ander boeke is baie stewig herbind deur verskeie boekbinders, onder meer Francis Bedford (sien Kerr 2006:103), H.M. Holloway (sien Kerr 2006:91), Charles Lewis (sien Kerr 2006:179–80) en veral die eksentrieke Robert Holt Carpenter wat in 1842 na Wellington, Nieu-Seeland, geëmigreer het en aanvanklik as 'n boekbinder begin werk het. Hy het hom in die vroeë 1850's as 'n boekhandelaar gevestig. Hy het daarop aanspraak gemaak dat hy kliënte gehad het wat getel het onder die slimste mans, insluitende regters en al die belangrikste staatsmanne, en die mooiste vroue in die suidelike halfrond. Sir George Grey was een van hierdie kliënte. Carpenter is in 1891 oorlede. (The armed Chartist's book shop s.j.; Kerr 2006:90–8, 220.)

## 8. Fragmente in die NLSA, Pretoria

In 2010 is twee koorboekfragmente, elk bestaande uit twee gehegte perkamentblaaie met genoteerde Gregoriaanse cantus, in die NLSA, Pretoria deur 'n bekende kartograaf ontdek. Sy was besig om geskiedkundige landkaarte vir die biblioteek te katalogiseer net voordat dit van die ou gebou in Vermeulenstraat na die nuwe gebou in Schubartstraat verskuif is (Steyn 2010:105). Die fragmente is reeds deur my bespreek in Steyn (2010). Die doel van daardie artikel was om die musiekwetenskaplike aard en waarde van die fragmente te ondersoek. In die huidige artikel word daar nie gekonsentreer op die musiekwetenskaplike aard van die fragmente nie, maar word gekyk na die wyse waarop fragmente gemigreer het asook die historiese waarde en konteks van die fragmente.

Die skrif, in Latyn, die notasie en ook die perkament van die fragmente is soortgelyk, maar hulle is nie van dieselfde manuskrip afkomstig nie. Die een paar gehegte blaaie, elk 545 mm x 394 mm groot, bevat vier sancti, 'n gedeelte van die ordinarium van die Roomse mis. Die ander paar, elk 546 mm x 376 mm groot, bevat twee himnes wat deel van die Roomse offisie is. Albei fragmente is in 'n baie goeie toestand. Daar is tekens dat die een sanctus uitgevoer was, aangesien daar lyne in moderne potlood op die notebalk getrek is, waarskynlik as hulpmiddel vir voordrag.

Die sanctus is deel van die ordinarium van die mis, die gesange waarvan die teks altyd dieselfde bly. Die ander gesange van die ordinarium is die kyrie, gloria, credo en agnus dei. Hoewel die teks altyd dieselfde bly, is hulle op talle melodieë getoonset. Elke kerk het sy eie vaste gewoontes gehad (Hiley 1993:148). Sanctus-melodieë het vanaf die 10de eeu in Westerse manuskripte verskyn. Sancti is deur die eeue in bundels versamel en dit het gedurende die 15de eeu 'n hoogtepunt bereik (Hiley 1993:163). 'n Voorbeeld van 'n 20ste-eeuse katalogus is dié van Thannabaur (1962) wat 230 sanctus-melodieë bevat.

Die eerste sanctus op die fragment is die belangrikste. Dit is 'n palimpsest; dit wil sê, die oorspronklike is uitgevee en 'n ander gesang is daarvoor geskryf. Die notasie is egter slegs gedeeltelik voltooi. Die baie melismatiese (baie note vir een lettergreep) incipit (begin) is soortgelyk aan dié van melodie 72 in Thannabaur se katalogus. Volgens Thannabaur is die melodie seldsaam en hy verstrek slegs twee bronne daarvoor, albei in Udine, Italië: die een op bladsy 19 van 'n 15de-eeuse Duitse kyriale in Udine Biblioteca Capitulare, die ander op bladsy 13 van 'n 15de-eeuse Friuliese graduaal van Aquileia in die Udine Biblioteca Arcivescovile e Bartoliana (Thannabaur 1962:180). Sanctus 2 is wyd verspreid, maar kom ook voor in dieselfde graduaal van Aquileia. Die melodie van sanctus 4 is soortgelyk aan dié van sanctus 2 en word ook deur Thannabaur met die Friuli-, Udine- en Aquileia-gebiede verbind (Thannabaur 1962:180). Sanctus 3 kort 'n incipit en kon derhalwe nie in Thannabaur se katalogus gevind word nie – die katalogus gee slegs incipts aan. Die oorsprong van hierdie fragment is dus moontlik die Friuli-gebied in Noordoos-Italië en waarskynlik die katedraal van Aquileia (Shahan 1907; Steyn 2010:115).

Die Friuli-gebied het sy eie besondere kulturele en historiese identiteit. Die historiese hoofstad en belangrikste stad in Friuli is Udine, wat uit die Middeleeue dateer en die hoofstad was van die patriargaat van Aquileia. Dit is in die middel van die Friuli-Venesië-Giulia-streek, tussen die Adriatiese See en die Alpe, minder as 40 km van die Sloweense grens. Dit is in 1420 deur die Republiek van Venesië ingeneem en het onder Venesiese heerskappy voortbestaan tot 1797. Vanaf die 2de eeu v.C. is Friuli deur die Romeine gekoloniseer.



Aquileia was die vierde belangrikste stad van Italië in die tyd van die Romeinse Keiserryk. Die belang was te danke aan die stad se strategiese posisie aan die Adriatiese See en die nabyheid van die Alpe, wat Rome toegelaat het om die barbaarse invalle uit die Ooste te onderskep. Aquileia het in die laaste dekades van die 3de eeu ook een van die invloedrykste bisdomme van die ryk geword, wat met Milaan en daarna Ravenna gewedywer het vir die tweede plek na Rome. Die stad het belangrik gebly selfs na die val van die Westerse Romeinse Ryk, as gevolg van die daarstelling van die patriargaat van Aquileia, wat vanaf die middel van die 6de eeu gereken is as een van die hoogste kerklike instansies in Italië. Die patriargaat is uiteindelik in 1751 beëindig. Die bisdomme van Udine en Gorizia (Goerz) is in die plek daarvan tot stand gebring. Die terrein staan nou bekend as Aglar, 'n dorp met 1 500 inwoners, en is geleë op wat nou die Oostenrykse seekus is (Shahan 1907; Steyn 2010:115).

Die skrif op Fragment 1 is soortgelyk aan dit wat gevind kan word in Brown (1990:122, plaat 47). Soos in haar voorbeeld, het die skrif op Fragment 1 'n regop ductus (helling, rigting) en die vorme van die letters kom ooreen. Die ronde “d” (kyk “dominus” en “deus” in sanctus 1) word ook hier gevind en die figuur “2” word gebruik pleks van die moderne “r” (kyk “gloria” in sanctus 1). Brown dateer haar voorbeeld laat 14de eeu, en gee Italië as oorsprong. Volgens haar is die teks geskryf in “littera gothica textualis rotunda italiana formata”, die Italiaanse Gotiese liturgiese skrif.

Op albei fragmente het elke bladsy ses notebalke van vyf rooi lyne elk. Die vyf lyne dui op 'n laat datum, waarskynlik die 16de eeu. Die notasie van albei fragmente is soortgelyk aan die kwadraatnotasie in Tafels 123 en 124 van Bannister (1969), wat hy beskryf as “Notazione Quadrate Italiana” en wat hy dateer as na die 14de eeu.

Die datering van Fragment 1 as 16de-eeus is ook gebaseer op die ooreenkoms van die fragment met bekende en gedateerde koorboeke. Hierdie boeke sluit in Beinecke MS 710 van Yale-universiteit, wat 960 mm x 620 mm groot is (Candelaria: <http://www.yale.edu/ism>), MS Ludwig B1 3 van die Paul Getty Museum, wat 641 mm x 435 mm groot is (<https://www.lanec.edu/archives/choir-book-manuscript-istorum-est-enim>) en 'n koorboek van die Universiteit van Missouri wat 520 mm x 360 mm groot is (<http://library.umkc.edu/spec-col/chantbook/intro.htm>). Die oorsprong van hierdie boeke is Spanje of Italië.

Die omvang, skrif en notasie van die tweede fragment is soortgelyk aan dié van die eerste, en dit is waarskynlik dat hulle saam aangeskaf is. Hulle is egter nie dieselfde nie. Die tweede fragment kom uit 'n boek wat bestem was vir die offisie, nie vir die mis nie, aangesien himnes gedurende die offisie gesing is. Baie van die letters in hierdie fragment het goue vlekies in, wat toon dat die manuskrip as waardevol beskou was. Die twee himnes in hierdie fragment is himnes vir die eerste Sondag van die Paastyd en vir die Sondag na Paassondag. Die teks van die eerste himne, “Audi benigne conditor”, verskyn in die *Analecta Hymnica Medii Aevi*, vol. 51, nr. 54 (Dreves 1961:98). Volgens hierdie bron dateer dit uit die 10de en 11de eeue en is dit baie wyd versprei. Die teks van die ander himne verskyn in die *Analecta Hymnica*, vol. 51, nr. 83 (Dreves 1961:256). Ook hierdie himne is volgens die bron baie wyd versprei. Baie himnes word nooit verbind met 'n enkele melodie nie. Dit is waarskynlik omdat populêre sekulêre melodieë dikwels vir 'n dosyn of meer verskillende tekste gebruik is (Ward en Caldwell 2001:22; Hoppin 1978:112). Anders as in die geval van die ander fragment, is daar dus nie 'n aanduiding van oorsprong vir hierdie fragment nie (Steyn 2010:124–5).

Die fragmente verskil van die gewone enkelblaaie wat as ornamente gekoop is omdat albei bestaan uit een groot stuk perkament wat in twee blaaie gevou is. In albei gevalle was die blaaie deel van 'n katern, maar nie een van die twee was die middel van 'n katern nie, aangesien die gesange nie opeenvolgend is nie en dié wat aan die einde van 'n blaaie genoteer is, nie volledig is nie.

Die fragmente is, soos MS Grey 48b3, afkomstig van twee baie groot koorboeke, wat veral in die 16de eeu aangetref is. Veral in die suidelike lande in die later Middeleeue is die grootte van die teks en notasie uitgebrei sodat 'n enkele eksemplaar groot genoeg was vir die koor om van 'n afstand af te kan lees. Die hoeveelheid materiaal in elke volume moes daarom verminder word en een volledige koorboek sou uit verskeie volumes bestaan. Daar bestaan nog heelwat sulke stalle koorboeke, veral in Italië, Spanje en Portugal, en hulle is gewoonlik baie mooi versier – dikwels deur bekende kunstenaars (Hughes 1982:195). Hierdie twee fragmente bevat geen illustrasies nie, hoewel daar aantreklik-versierde hoofletters is.

## 9. Ten slotte

Die fragmente wat in Suid-Afrika gevind is, is voorbeelde van al die belangrikste soorte fragmente soos in die artikel aangedui: fragmente as bindmateriaal; fragmente as volledige enkelblaaie en fragmente as uitgesnyde miniature.

In die artikel is die fragmente in historiese konteks geplaas en ook in die konteks van die besondere genres waarvan hulle voorbeelde is. Die fragmente is meestal liturgiese gesange en is in daardie konteks bespreek. Die skrif en die notasie, asook die versierings, is in historiese konteks bespreek.

'n Genoteerde fragment afkomstig van St Gall is bespreek in die konteks van die ontwikkeling van notasie. Voorbeelde van Gotiese skrif is bespreek in die konteks van die getydeboek en die eersug van 'n eienaar om dit nog weelderiger te maak as wat dit reeds was.

Die fragmente dateer vanaf die 11de tot die 16de eeu. Dié wat liturgiese gesange bevat, gee insig in toepassing van die Roomse mis en offisie in die Middeleeue. Die Gotiese letters in die getydeboek gee insig in die leefwyse van die tyd, waar 'n weeldeartikel nog weelderiger gemaak is om sodoende vir die eienaar aansien te verwerf. Hierdie fragmente werp lig op die geskiedenis, die musiek, die godsdiens, die kuns en die leefwyse van die tydperk van die 11de tot die 16de eeu.<sup>9</sup>

## Bibliografie

Alston, G.C. 1909. Abbey of St Gall. *The Catholic encyclopedia*. New York: Robert.

Anon. 1996. Archives: guide to choir book manuscript: Istam est enim.  
<https://www.lanec.edu/archives/choir-book-manuscript-istorum-est-enim> (21 April 2016 geraadpleeg).

- . 2008. UMKC's book of Gregorian chant. <http://library.umkc.edu/spec-col/chantbook/intro.htm> (21 April 2016 geraadpleeg).
- Apel, W. 1970. *Harvard dictionary of music*. Londen: Heinemann.
- Appleton Company. s.j. <http://www.newadvent.org> (3 Augustus 2015 geraadpleeg).
- Bannister, E.M. 1969. *Monumenti Vaticani di paleografia musicale Latina*. Lipsia: Harrasowitz.
- Bezuidenhout, M. 1996. The Franciscan lampshade fragments in Port Elizabeth. *South African Journal of Musicology*, 16:1–10.
- Bielschowsky, L. 1949. The Amorbach evangelistarium: a note on provenance (MS Grey 4.b.3). *Quarterly Bulletin of the South African Library*, 3:76–9.
- Book Archaeologist. 2012. Medieval manuscripts fragments as binding materials; a new project of the Harry Ransom Center. <http://bookarchaeologist.org/2012/06/29/medieval-manuscripts-fragments-as-binding-materials-a-new-project-at-the-harry-ransom-center> (3 Julie 2015 geraadpleeg).
- Brown, M.A. 1990. *A guide to Western historical scripts*. Londen: British Library.
- Brunius, J. (red.). 2005. *Medieval book fragments in Sweden. An international seminar in Stockholm 13–14 November 2003*. Stockholm: Almqvist and Wiksell.
- Candelaria, L. 2008. *The mystery of the Rosary Cantorales: a study in attribution*. <http://ism.yale.edu/sites/default/files/files/The%20Mystery%20of%20the%20Rosary%20Cantorales.pdf> (12 April 2016 geraadpleeg).
- Casson, L.F. 1959/60. The medieval manuscripts of the Grey collection in saleroom and bookshop. *Quarterly Bulletin of the South African Library*, 14:3–33.
- De Hamel, C. s.j. [http://scholarworks.wmich.edu/medieval\\_icms/2015/Schedule/546/](http://scholarworks.wmich.edu/medieval_icms/2015/Schedule/546/) (1 Junie 2015 geraadpleeg).
- Dreves, G.M. (red). 1961. *Analecta hymnica medii aevi*. Vol. 51, 54. Frankfurt: Minerva.
- Duffy, E. 2006. *Marking the Hours: English people and their prayers, 1240–1570*. New Haven: Yale.
- Elson, P. s.j. St.-Lazare, Autun. <http://www.burgundytoday.com/historic-places/abbeys-churches/st-lazare.htm> (30 Maart 2016 geraadpleeg).
- Fallows, D. 1987. *Dufay*. Londen: Vintage.
- Farmer, D.H. 1987. *The Oxford dictionary of saints*. Oxford: Oxford University Press.

Frederici, C. 1985. From book to binding and back: medieval manuscript fragments in Norway. <http://www.palaeographia.org/glm/art/ommundsenl.htm> (4 Julie 2015 geraadpleeg).

Gullick, M. 2009. Preliminary observations on Romanesque manuscript fragments of English, Norman and Swedish origin in the Riksarkivet (Stockholm). *Manuscripta*, 50(2):31–82.

Haapanen, T. 1925. *Verzeichnis der mittelalterlichen Handschriften Fragmente in der Universitätsbibliothek zu Helsingfors*. Missalia. Helsinki: Helsingin yliopiston kirjasto.

Heikkilä, T. (red.). 2010. Written culture in medieval Finland. *Historical Studies*, 254:11–66.

Heintzelman, M. 2014. Eloquent witnesses, damaged goods, or teaching aids? <https://vhmml.wordpress.com> (17 Oktober 2015 geraadpleeg).

Hiley, D. 1993. *Western plainchant*. Oxford: Clarendon Press.

—. s.j. Post-Pentecost alleluias database. <http://www-cgi.uni-regensburg.de/Fakultaeten/Musikwissenschaft/Cantus/Alleluia> (30 Maart 2015 geraadpleeg).

Hindman, S. 1997. <http://www.lesenluminures.com/overlay/miniatures> (26 Junie 2015 geraadpleeg).

—. 2001. *Manuscript illumination in the modern age*. Evanston: Mary and Leigh Block Gallery.

—. 2012. *Illuminations in the Robert Lehman collection*. New York: Metropolitan Museum of Art.

Hoppin, R. 1978. *Medieval music*. New York: Norton.

Hughes, A. 1982. *Medieval manuscripts for mass and office. A guide to their organization and terminology*. Toronto: University of Toronto Press.

Huglo, M. 2001. Missal. In Sadie en Tyrell (reds.) 2001.

Hunter-Blair, O. 1909. Dryburgh abbey. *The Catholic encyclopedia*. New advent. <http://www.newadvent.org/cathen/05167a.htm> (3 Junie 2015 geraadpleeg).

Johnson, E. s.j. Manuscript “fragmentology”. Perspectives on the scholarly and pedagogical value of medieval manuscript fragments. [http://scholarworks.wmich.edu/medieval\\_icms/2015/Schedule/546/](http://scholarworks.wmich.edu/medieval_icms/2015/Schedule/546/) (30 Junie 2015 geraadpleeg).

Karlsen, E. 2005. The National Library, Norwegian fragments. In Brunius (red.) 2005.

Ker, N.R. 1954. *Fragments of medieval manuscripts used as pastedowns in Oxford bindings, with a survey of Oxford bindings c. 1515–1620*. Oxford: Broome.

Kerr, D.M. 2006. *Amassing treasures for all times. Sir George Grey, colonial bookman and collector*. Delaware: Oak Knoll.

Manion, M.M. en V.F. Vines. 1984. *Medieval and Renaissance illuminated manuscripts in Australian collections*. Melbourne: Thames & Hudson.

Manuscripts, archives and letters. s.j. Medieval manuscripts.  
<http://www.library.leiden.edu/special-Collections/Manuscripts/Subcollections-Whs-Medieval-Mss.html> (23 Junie 2015 geraadpleeg).

Miniatures. s.j.  
[http://www.fitzmuseum.cam.ac.uk/gallery/hiddenhistories/biographies/bio/scandal/celotti\\_biography.html](http://www.fitzmuseum.cam.ac.uk/gallery/hiddenhistories/biographies/bio/scandal/celotti_biography.html) (24 Junie 2015 geraadpleeg).

Monnike van Solesmes. 1955. *Paléographie musicale*. Vol. 16. Solesmes:Saint-Pierre.

—. 1963. *Liber Usualis*. Solesmes: Saint-Pierre.

Morrison, S. 1981. *Selected essays on the history of letter-forms in manuscript and print*. Cambridge: Cambridge University Press.

Munby, A.N.L. 1972. *Connoisseurs and medieval miniatures*. Oxford: Clarendon Press.

Niskanen S. en J. Keskiaho. 2010. Disticha Catonis – fragmentteja luokkahuoneessa. In Heikkilä (red.) 2010.

Ochsenbein, P. en K. Schmuki. 1988. *Sankt Galler Heilige. Handschriften und Drucke aus dem 8. Bis 18. Jahrhundert*. St Gall: Verlag am Klosterhof.

—. 1992. *Die Notkere im Kloster Sankt Gallen*. St. Gall: Verlag am Klosterhof.

Ottosen, K. 2008. *The responsories and versicles of the Latin office of the dead. Regula liturgy of the Franciscan order*. Books on Demand. [www.booksondemand.com](http://www.booksondemand.com) (28 Julie 2015 geraadpleeg).

Pass, G. s.j. Vatican film library hosts medieval manuscript exhibit.  
<http://www.slu.edu/x76920.xml> (27 Junie 2015 geraadpleeg).

Planchart, A.E. 1988. Guillaume Du Fay's benefices and his relationship to the court of Burgundy. *Early Music History*,8:118–43.

Porcheddu, F. s.j. Biblioclasty. [http://ege.denison.edu/ege\\_biography\\_p3.php](http://ege.denison.edu/ege_biography_p3.php) (30 April 2015 geraadpleeg).

Rastall, R. 1983. *The notation of western music. An introduction*. Londen: Dent.

Sadie, S. en J. Tyrell (reds.). 2001. *The new Grove dictionary of music and musicians*. Londen: Grove's Dictionaries of Music Inc.

- Shahan, T. 1907. Aguileia. <http://www.newadvent.org/cathen/01661c.htm> (27 Junie 2015).
- Shailor, B.A. 2003. Otto Ege. His manuscript fragment collection and the opportunities presented by electronic technology. *The Journal of the Rutgers University Libraries*, 55:1–22.
- Stäblein, B. 1975. *Schriftbild der einstimmige Musik*. Leipzig: Deutscher Verlag für Musik.
- Steyn, C. 2010. The sixteenth-century choirbook fragments of the national library in Pretoria. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 24(1):105–25.
- . 2012. Two unknown music fragments in the Grey collection of the South African [National] Library, Cape Town. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 26(1):93–113.
- . 2014. Two wallet-sized books of hours in the Grey collection: prayerbooks, primers, artistic artefacts, fashion accessories and bestsellers. *Quarterly Bulletin of the National Library of South Africa*, 68(1):33–52.
- Steyn, C. (red.). 2002. The medieval and renaissance manuscripts in the Grey collection of the National Library of South Africa, Cape Town. Salzburg: Universität Salzburg.
- Steyn, F.C. 1990. A study of an unknown gradual with a collection of sequences in the Grey collection of the South African [National] Library, Cape Town. Manuscript Grey 7a27. Ongepubliseerde M.Mus-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.
- Thannabaur, P.J. 1962. *Das einstimmige Sanctus der römische Messe in der handschriftlichen Überlieferung des 11–16 Jahrhunderts*. München: W. Rieke.
- The armed Chartist's book shop. s.j. <http://www.nzhistory.net.nz/media/photo/armed-chartists-book-shop> (27 Julie 2015 geraadpleeg).
- The Fragmenta membranea collection. s.j. <http://fragmenta.kansalliskirjasto.fi> (1 Augustus 2015 geraadpleeg).
- Walter, M. 1952. Wiederauffindung einer Amorbacher Evangeliehandschrift in Kapstadt (Ms Grey 4.b.3). *Aschaffener Jahrbuch für Geschichte, Landeskunde und Kunst des Untermaingebietes*, 1:190–6.
- Ward, T.R. en J. Caldwell. 2001. Hymn. In Sadie en Tyrell (reds.) 2001.
- Widener, M. s.j. Reused, rebound, recovered. Medieval manuscript fragments in law book bindings. <http://medievalnews.blogspot.com/2010/02/reused-rebound-recovered-medieval.html> (26 Junie 2015 geraadpleeg).
- Wilkinson, N. 2008. Texts and textiles. Finding manuscripts in unusual places. <http://latrobejournal.slv.vic.gov.au/latrobejournal/issue/latrobe-81/tl-g-16.html> (26 Junie 2015 geraadpleeg).

## Eindnotas

- <sup>1</sup> 'n “Bladsy” verwys na een kant; 'n “blaaï” na albei kante.
- <sup>2</sup> Daar word in hierdie artikel na manuskripte verwys volgens hulle raknommers.
- <sup>3</sup> 'n Ordinale is 'n algemene gids tot die liturgie van 'n besondere kerk. Dit word nie in 'n ereidiens gebruik nie.
- <sup>4</sup> Die *Liber Usualis* is 'n boek met Gregoriaanse gesange wat algemeen gebruik word in die Katolieke tradisie. Dit is saamgestel deur die monnike van die Abdy van Solesmes in Frankryk.
- <sup>5</sup> 'n Moderne term wat die versameling state beskryf waaroor die Angevynse Plantagenet-dinastie geheers het. Die term word gebruik vir die inwoners van Anjou. Die Plantagenets is afstammeling van die Hertog van Anjou.
- <sup>6</sup> “Anno domini 1525 facta est desolatio huius Libri, auro, argento, gemmisque tecti in vigilia Philippi et Jacobi a quondam nobilitatis titulo insignito Gocz (sic) de Berlingen nomine, et alio rusticane fecis ante signano Georgio a Ballenbergk lanio arte, factis vero et actibus homine perfido, latrone, et proprii honoris prodigo, cleri, nobilitatis, ac proprii domini contra evangelicas tocus quoque naturalis legis sanctiones, persecutore infestissimo, ecclesiarum insuper et religiosorum locorum devastatore, et exterminatore atrocissimo.”
- <sup>7</sup> “[I]tem seher vil buecher aus der liberey konthen wir nit flohem, haven uns die bauwern alle zurissen under verwust.”
- <sup>8</sup> Die dag waarop die stoflike oorskot van die heilige na Autun gebring is.
- <sup>9</sup> Hierdie artikel is gebaseer op navorsing wat ondersteun is deur die Navorsingstigting van Suid-Afrika, toekenning no. 90977. Enige mening, bevinding en gevolgtrekking of aanbeveling wat in hierdie artikel uitgespreek is, is dié van die skrywer, en die Navorsingstigting aanvaar geen aanspreeklikheid in hierdie verband nie.